SARS VERWELKOM HOFBEVEL RAKENDE BTW-KOERSVERHOGING WAT OP 1 MEI 2025 SOU INTREE

Tshwane, 27 April 2025 - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr. Edward Kieswetter, verwelkom die hofbevel en die ooreenkoms tussen die partye in die aangeleentheid ten opsigte van die 0.5% verhoging in belasting op toegevoegde waarde (BTW) wat oorspronklik op 1 Mei 2025 in werking sou tree, onder ander sake.

Dit is 'n belangrike bevel wat helderheid aan SARS verskaf om die BTW-wet doeltreffend te kan administreer. Dit het ook praktiese uitwerkings op verbruikers en BTW-ondernemers wat BTW moet bestuur. Dit sluit in:

- Die hofbevel skort die 0.5%-verhoging op wat oorspronklik op 1 Mei 2025 in werking sou tree, dus is daar geen rede vir BTW-ondernemers om 'n BTW-koersverhoging te implementeer nie.
- Alle ondernemers word aangemoedig om hulle stelsels terug op 15% te stel.
- Alle verbruikers word aangemoedig om te verseker dat hulle die korrekte BTW-koers van 15% betaal. In die onwaarskynlike geval waar hulle 15.5% gehef word, moet verbruikers dit onder die ondernemer se aandag bring en verseker dat dit by die verkoopspunt opgelos word, of anders deur wedersydse ooreenkoms.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.